

POS: HOOF- UITVOERENDE BEAMPTE (HUB) ***Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns***

Die pos van hoof- uitvoerende beampte (HUB) van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK), by sy Hoofkantoor in Pretoria, raak op 30 Junie 2019 vakant. Van die nuwe HUB sal egter verwag word om reeds op 1 Junie 2019 diens te aanvaar.

Aansoeke om die voltydse pos van HUB word tot **30 Januarie 2019** ingewag. Onderhoude met geskikte kandidate sal so gou moontlik daarna gevoer word en 'n aanstelling word normaalweg op die eersvolgende vergadering van die Akademieraad (einde Maart 2019) gemaak.

Die visie van die SAAWK is die bevordering van die wetenskap, die tegnologie en die literatuur in Afrikaans en van die kunste, asook die bevordering van die gebruik en die gehalte van Afrikaans.

Pligte:

Die HUB van die SAAWK is verantwoordelik vir die strategiese en bedryfsbestuur van die werksaamhede van die SAAWK. Die verwesenliking van die strategiese visie en die missie van die SAAWK, en die gepaardgaande bestuur van die netwerke van die SAAWK, is 'n kerntaak van die HUB. Die bevordering van die wetenskappe en die kunste in en deur Afrikaans is 'n sentrale taak van die HUB. Die HUB is ook verantwoordelik vir die finansiële en menslike hulpbronne, die infrastruktuur en die bemarkingsaktiwiteite van die SAAWK. Fondswerwing met die oog op die finansiering van die SAAWK se bedrywighede is een van die vaste pligte van die HUB. Die HUB moet ook nuwe projekte inisieer wat die visie van die SAAWK ondersteun, en die bestaande projekte van die Akademie bestuur.

Minimumvereistes:

Kwalifikasie: Minstens 'n doktorsgraad (in enige vakgebied).

Die suksesvolle kandidaat moet oor die volgende eienskappe en vaardighede beskik:

- Positiewe visie ten opsigte van Afrikaans as wetenskaps- en onderrigtaal
- Bewese bestuursvermoëns en bestuursvaardighede met betrekking tot finansies, projekbeplanning, kantooradministrasie en andersins
- Bestuurservaring binne die tersiêre of 'n verwante sektor
- Grondige kennis en ondervinding van die akademiese en algemene wetenskapstoneel in Suid-Afrika en die onderwys in die algemeen
- Organisasievermoë, byvoorbeeld ten opsigte van akademiese byeenkomste en bekroningsplegtighede

- Goeie kommunikasievaardighede, byvoorbeeld met Akademielede, potensiële borge, die werkgemeenskappe van die Akademie, en lede van die publiek en die media
- Skryfvaardighede met betrekking tot die Akademie se kommunikasie na buite, byvoorbeeld nuusbriewe, kennisgewings en algemene administrasie
- Bewese kundigheid en ervaring ten opsigte van fondswerwing

Aanbevelings:

- Ervaring as dosent by 'n universitêre instelling
- Ervaring in die hantering van die media
- Gevestigde kulturele, akademiese en finansiële netwerke
- Kandidatuur vir 'n bestuurshoedanigheid aan 'n tersiêre instelling

Ampstermyn:

Die aanstelling is vir 'n termynkontrak (sonder enige byvoordele), aanvanklik vir 'n termyn van drie jaar, met die moontlikheid van verlenging, onderworpe aan prestasie-evaluering. Vergoeding is onderhandelbaar. Die salarisskaal is op aanvraag beskikbaar.

Aansoeke:

Aansoeke met volledige besonderhede, wat 'n CV en die name van twee referente insluit, word tot 30 Januarie 2019 ingewag. Die aansoek moet ook 'n standpuntstelling van die aansoeker rakende die rol van die SAAWK in die toekoms insluit (3-5 bladsye). Geen aansoeke sal ná die sluitingsdatum oorweeg word nie.

Daar sal van kandidate wat vir 'n onderhoud genooi word, verwag word om 'n aanbieding oor hulle visie vir die SAAWK te doen.

Aansoekers wat teen 1 Mei 2019 nog geen terugvoering ontvang het nie, kan aanvaar word dat hulle aansoek onsuksesvol was.

Navrae: Prof. Irma Eloff
E-pos: irma.eloff@up.ac.za

Aansoeke moet gestuur word aan:
Jeanette Schoeman
E-pos: jeanette.schoeman72@gmail.com

Die Akademie behou hom die reg voor om sonder verstrekking van redes geen aanstelling te maak nie.